NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

04 Februarie 2022: Nr 04/2022

Warmnuus

❖ Eerstejaarskamp: 2022

Universiteitsoord kamp vanaf *31 Januarie tot 4 Februarie.* Daar is 2 kampe:
Meraki (koshuisstudente) olv Fritz Snyman en *Amicus* (dagstudente) olv Jana de Lange.
Ongeveer 160 senior studente (personeel) en 480 Eerstejaars het mekaar by die gemeente ontmoet. *Jana de Lange*, *Charlotte Sibanyoni en Fritz Snyman*, leraars van dié gemeente, het die groep tydens 'n spesiale erediens verwelkom.

❖ Biddag vir Onderwys en Opvoeding

Alle gemeentes word aangemoedig om op Sondag *13 Februarie* vir onderwysers en leerlinge te bid.

❖ Wees goed vir jou kleinkinders

'n Seminaar onderleiding van *Christo en Hannatjie van Vuuren*, spesiaal vir Oumas en Oupas, word op *26 Febuarie* by *Kerk-in-Suid* aangebied. [Kliek hier vir volledige inligting]
Sluitingsdatum: *21 Februarie*

Sinodenuus

❖ Teologiese Opleidingstrust

Versterk die Kerk; Ondersteun Teologiese studente; Help lidmate deur belastingvermindering

Flip du Toit skryf soos volg: Nog 'n moeilike finansiële jaar eindig 28 Februarie

* Die Kerk het altyd behoefte aan goeie teologie wat uitgedra word deur goedtoegeruste en entoesiastiese predikante
* Teologiese Studente word met beurse gehelp tydens hulle lang studie (waar min beurse beskikbaar is).
* Lidmate kry geleentheid om 'n lofwaardige saak te ondersteun en terselfdertyd wettig hulle belasting aanspreeklikheid te verminder.

Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is 'n geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie (soortgelyk aan die Bybelgenootskap) asook 'n geregistreerde Nie-Winsgewende organisasie.

Skenkings kan eenmalig geskied (voor einde Februarie om vir hierdie belastingjaar te geld) of dit kan maandeliks geskenk word.

Meer inligting: Dr Flip du Toit. Tel 0621190255 / 0827817076 of admin@teotrust.org. [Kliek hier]

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *08 Februarie*
Skrifgedeelte: **Jeremia 17**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join.
Zoom Meeting: Kliek hier
Meeting ID: 921 9767 1478; **Password**:453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Baie geluk!

Heinrich Stapelberg [Florauna] en sy vrou **Willani** met die geboorte van hul seuntjie, *Layden*, op *28 Januarie*.

❖ Hospitaal

Erika Barnard [Kapelaan gekoppel aan Wonderboom] was onlangs in die hospitaal.

Ernst Muller [Emeritus] se vrou **Cathra** is tans in die hospitaal met akute nierversaking.

Ewald Schmidt [Nylstroom-Oos] is die week geopereer.

❖ Covid-19

Frikkie du Plooy [Florauna] is tans in isolasie.

Thinus Benadé [Thabazimbi], Magda en Nelré het positief getoets.

❖ Beroepe/Bevestigings

<< **Riaan Odendaal** [Waterberg] het die beroep na **Warmbad-Wes** aanvaar. Sy bevestiging vind eerskomende Sondag *[6 Februarie]* plaas.

>> **Elané Sassenberg** [Overkruin] ontvang haar Akte van Demissie op *27 Februarie*. Haar afskeidspreek vind ook tydens die geleentheid plaas.

<< **Nicole Hamman-Forrest** het die beroep na **Waterkloofrif** aanvaar. Sy word op *6 Maart* bevestig en haar intreepreek vind op *13 Maart* plaas

>> **Willem Rothmann** het die beroep na **Overkruin** aanvaar met ingang *1 April*. Sy bevestiging sal voorlopig op *3 April* plaasvind.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

29/01 Paul du Plessis [Emeritus]
07/02 Carl Schunke [Koedoesrand]
11/02 Johan Bosman [Emeritus]
Marco la Grange [Koedoeskop]
12/02 Gert Vorster [Emeritus]
Fouché de Wet [Suidoos-Pretoria]

****

08/02 Petro Small [Eggenote van Kobus Small, Petronella]
10/02 Marianne de Wet [Eggenote van Johan de Wet, Hartbeespoort]
11/02 Marietha Ueckermann [Eggenote van Dan Ueckermann, Nylstroom-Oos]
Hanlie Botha [Eggenote van Jan Botha, Mootvallei]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae**: **Baie geluk!**

Chinhoyi [11/02/1948]

❖ **Daspoort** - **100ste verjaarsdag:** 24 Februarie 1922

- *26 Februarie*: 100ste verjaarsdag partytjie – gemeente braai
- *27 Februarie*: Spesiale diens – 100ste verjaarsdag en ds Eddie de Waal se Emeritaatsdiens.

❖ **Pierneef**

Groen-Basaar: *5 Maart*
Adres: Pierneefstraat 954, Villieria / 012 333 4273
Toegang: Bring jou weeklikse herwinning saam.
Vir jou kos en inkopies: Bring houers en inkopieakke van die huis af.

Toerusting

❖ **Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**

Jaarprogram 2022 – Hiermee die programme wat Excelsus vanjaar aanbied. Kliek hier vir die Jaarprogram. Teken solank die datums aan en kyk uit vir die bekenstellingsmateriaal vir elkeen van die aanbiedings.

Kursusse/werkswinkels:

* **Liturgiewerkswinkel: Lydenstyd - Die jaar van God se genade -** *8 & 9 Februarie – Aanlynaanbieding*
Skakel vir inskrywing: Kliek hier

* **Predikante in die afrondingsfase van hulle bediening** - **"Daar is lewe vóór én ná aftrede" -** Kliek hier vir die volledige uitnodiging - *15-16 Februarie – Aanlynaanbieding*

* **Nuut in die Bediening** *(Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling)* **-** Gerig op predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening. **Inskrywing**: Voltooi die aanlyn inskrywingsvorm: https://forms.gle/EVbPcLjNRcv8ER6W8.

Ander nuus

❖ **Trauma Psycho-Education**

A workshop on equipping Psychologists, Social Workers, Trauma Counsellors & Christian Counsellors in effective Trauma Psycho-Education [previously referred to as Trauma Debriefing]
When: *Six On-line sessions*: *7, 14, 21, 28 February & 7, 14 March 2022 [11:00 – 13:00]*
Presenter: *Dr Renée van Heerden*, Specialist Trauma Counsellor and Research Psychologist

- Kliek hier vir die volledige inligting.

❖ **Emosionele Logika**

Kursusse aangebied deur: Annette de la Porte
Kyk na hierdie **video**: https://youtu.be/DpKQFA5bzSU. Besoek haar webwerf www.growwithannette.co.za en kliek op "webinars" en "CPD Training" vir meer gedetaileerde inligting.

❖ **Bybel-Media**

Bybelstorie Vouboeke – 'n Jesus-vir-almal-projek

In hierdie tyd wil Bybel-Media, met jou hulp, die goeie nuus van Jesus se verlossing deur nuwe projekte uitdra. Saam met opvoedkundiges het ons 'n bekostigbare reeks volkleur-vouboeke ontwikkel waarin ons Bybelstories met 'n wetenskaplike leesreeks kombineer. Vouboeke is 'n opwindende nuwe tegniek om goedkoper boekies beskikbaar te stel.

Kliek hier en kyk na die video

Winskopies vir gemeentes

Geniet van Bybel-Media se groot gunstelinge teen 50% en meer afslag. Aanbod slegs tot *17 Februarie!*

Christus en die kruis [kliek hier]; Loskerf [kliek hier]; Gevorm deur die kruis [kliek hier]; Wonderwêreld [kliek hier]; Van wanhoop na hoop (Leiersgids) – kliek hier; Van wanhoop na hoop (Gespreksgids) – kliek hier; ‘n Bietjie reën [kliek hier]; Kreatiewe kopskuif [kliek hier]; Chris Lamprecht 90 jaar-huldiging CD [kliek hier]

❖ Vakatures

Kameeldrif: Musiekbediening

Kameeldrif is geleë in die Noordooste van Pretoria. Hulle is ‘n stadsgemeente wat in sekere opsigte karaktertrekke van ‘n plattelandse gemeente het. Buiten hul unieke geografie bedien hulle ‘n diverse gemeenskap waarin al die verskillende spiritualiteite voorkom.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *28 Februarie* 2022. Die kandidaat moet beskikbaar wees vir ’n speelbeurt.
Navrae: Kerkkantoor Kameeldrif - 012 756 4334

Môregloed: Koster

Posbeskrywing: Die Koster is verantwoordelik vir die toesighouding oor die skoonmaak van die kerkgebou, die kerk se fasiliteite, tuin en terrein.
Belangstellendes word versoek om ’n CV met dekbrief vóór of op *26 Februarie* 2022 by die Skriba te besorg of elektronies te stuur aan die Skriba, kerkkantoor@ngkerkmoregloed.co.za.
Suksesvolle kandidaat moet beskikbaar wees om op *1 Maart 2022*, of so gou moontlik daarna diens te aanvaar.
Kliek hier om die volledige advertensie te lees.

Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif